Publication: Rapport (Inside)
Pub date: 5/24/2015
Page: 2
AVE: 196473.33
Circulation: 163313
Part: 1 of 1

Vliegbelasting

Kaartjiepryse is maar één deel van vlugkoste

Chanté Daries

Partykeer raak 'n mens opgewonde oor goedkoop vliegkaartjies wat geadverteer word, maar wanneer jy dit dan wil koop, is jy geskok oor die lywige totale bedrag nadat lughawebelasting bygevoeg is.

Wat presies is lughawebelasting en waarom kos dit dubbel (en soms drie keer) meer as jou vlug?

Die woord "lughawebelasting" is eintlik verwarrend, want die lughawe self kry net 'n klein deel van die totale bedrag.

Dit word min of meer só saamgestel

Die Lughawensmaatskappy van Suid-Afrika (Acsa) werk sy "lughawebelasting" soos volg uit.

■ **Belasting:** In die kategorie betaal jy belasting op toegevoegde waarde (BTW) aan die regering asook internasionale vertrekbelasting aan watter land jy ook al verlaat.

■ **Gereguleerde koste:** Jy betaal ook vir die dienste wat Acsa aan jou lewer - soos vir sy hantering van jou bagasie en die gebruik van sy geriewe; 'n gedeelte gaan aan die Burgerlugvaartowerheid (BLO), want dis hy wat vliegtuie ondersoek en vliegwaardig verklaar; en dan betaal jy vir die lugverkeerdienste wat ondersteuning verleen aan die vlieënier.

■ **Niegereguleerde koste:** In Suid-Afrika gaan 'n klein gedeelte van die bedrag aan die Johannesburgse maatskappy ACS Balmoral wat elke vliegtuig dophou en terugvoer gee oor sy status en die weerstoestande wat 'n vlug kan beïnvloed.

■ **Lugdienskoste:** Dis geld wat bestee word aan versekering - soos wanneer 'n vlug nie kan opstyg nie en die lugdiens jou moet vergoed; en die brandstofheffing - dis die grootste deel van "lughawebelasting".

Meer aansluitings, meer belasting

'n Kaartjie se lughawebelasting kan byvoorbeeld gelaai word as jy nie direk vlieg nie en by meer as een lughawe moet land en opstyg. Dan moet jy belasting aan elkeen van die lughawens betaal. Daar is byvoorbeeld geen direkte vlugte van Johannesburg na Tokio, Japan, nie. Jy kan daarheen vlieg via Hongkong. Dus moet jy dan 'lughawebelasting' betaal aan die O.R. Tambo-lughawe in Johannesburg, die Haneda-lughawe in Tokio én Hongkong se internasionale lughawe.

Verskil van land tot land

Lughawebelasting verskil hemelsbreed van land tot land, sê Natalia Rosa, 'n korrespondent van die Vereniging van Suider-Afrikaanse reisagente (Asata).

"Lande se belastings verskil, daarom is daar nie vaste koste vir elke land nie."

In Brittanje betaal 'n mens byvoorbeeld iets wat lughawepassasiersbelasting (APD) genoem word. Alle vliegtuie swaarder as tien ton en met meer as 20 sitplekke, wat gebruik maak van 'n lughawe in die Verenigde Koninkryk of die Eiland Man, moet dit betaal. Hierdie belasting help om die lande se openbare dienste en maatskaplike toelaes te finansier.

ASATA
SOUTHERN AFRICAN TRAVEL AGENTS

Dit kos tussen R240 en R1 737 afhangende van hoe ver jou vlug is.

By Amerikaanse lughawens betaal jy weer $4,50 (sowat R54) vir 'n sogenaamde passasiersfasiliteitskoste (PFC).

Lughawens gebruik hierdie tariewe om geraas minder te maak; hul veiligheid te verbeter; en om groter vermoë te skep. Die PFC, ook bekend as lughaweverbeteringsgelde, word ook gehef by die meeste lughawens in China, Kanada, Brasilië, die Filippyne en Indonesië.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.